HOËRSKOOL RANDBURG

**Algemene Oueromsendbrief nr. 02 van 2026**

7 September 2026

Geagte Ouers/Voogde

**Insake: Die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg**

Die ampstermyn van ons huidige beheerliggaam verstryk vroeg in 2027, met beheerliggaamsverkiesings vir die volgende driejaartermyn wat ongeveer Maart 2027 by alle openbare skole gehou sal word.

Ons het tans een vakature, terwyl ons voorsitter aan die einde van 2026 sal uittree aangesien haar dogter in graad 12 is. Daarbenewens sal van ons lede met belangrike kundigheid hulle nie weer tydens die 2027-verkiesing verkiesbaar stel nie.

Dit is vir ons baie belangrik om, sover moontlik, kontinuïteit op ons beheerliggaam te behou en die tydige opbou en oordrag van relevante kundigheid te bewerkstellig, veral in die lig van verskeie strategiese projekte wat tans aan die gang en in die pyplyn is. Kennis van die skool, sy werkswyse en strategiese prioriteite is van kardinale belang vir elke ouerlid wat op ons beheerliggaam dien.

Ons beoog gevolglik om binnekort ten minste twee ouers tot en met die 2027-verkiesing tot die beheerliggaam te koöpteer. Dit sal aan hierdie ouers die geleentheid bied om reeds voor die verkiesing ervaring op te doen en met die werksaamhede van die beheerliggaam vertroud te raak. Hulle sal, soos enige ander kwalifiserende ouer, tydens die formele verkiesing in 2027 die geleentheid hê om hul verkiesbaar te stel.

Hoewel ons enige relevante kennis en ervaring verwelkom, wil ons in die besonder ouers met kundigheid op die volgende terreine aanmoedig om hul beskikbaar te stel:

1. Ons tesourier het aangedui dat hy nie herverkiesbaar gaan wees wanneer sy ampstermyn in 2027 verstryk nie. Ons is dus op soek na ’n ouer met toepaslike finansiële bestuursvaardighede, ervaring en ’n relevante professionele kwalifikasie. Vroeë betrokkenheid sal ’n waardevolle oorgang en oordrag van kennis moontlik maak en help om te verseker dat die skool se finansiële bestuur steeds verantwoordelik en in die beste belang van ons leerders geskied.

2. Die skool funksioneer binne ’n komplekse regs- en beleidsomgewing. ’n Ouer met toepaslike regsopleiding en ervaring kan ’n waardevolle bydrae lewer om die beheerliggaam met relevante kennis en advies te ondersteun.

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

3. In ’n toenemend meer kompeterende skool- en onderwysomgewing is kundigheid en ervaring in bemarking, kommunikasie, handelsmerkontwikkeling en verwante terreine van groot waarde om die skool se posisionering en kommunikasie met sy gemeenskap verder te versterk.

Indien u, as ouer, sou belangstel om deel van die span te word, nooi ons u vriendelik om ’n kort CV en visie van die bydrae wat u as lid van die beheerliggaam sou wou lewer, per e-pos aan die hoof se kantoor by pa.hoof@hsrandburg.co.za te stuur. Ons ontvang graag die inligting teen **14 September 2026**.

Ons doen veral ’n beroep op ouers van leerders in junior grade aangesien die langer verbintenis met die skool die geleentheid bied om kontinuïteit en die opbou van kennis en ervaring binne die beheerliggaam te ondersteun. Slegs ouers van bestaande leerders van die skool mag op die beheerliggaam dien.

Om op die beheerliggaam te dien, bied ’n waardevolle geleentheid om u kennis, ervaring en kundigheid in belang van ons skool en sy leerders aan te wend en om prakties gestalte aan die belangrike vennootskap tussen ouers en die skool te gee. Ons sien uit daarna om te hoor van ouers wat graag hiertoe wil bydra.

Vriendelike groete

| | |
|---|---|
| C. Le Roux<br>Beheerliggaamvoorsitter | P. Booysen<br>Skoolhoof |